# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 51** **Nr 14** **19 April 2026**


# Kerk en staat

Die verhouding tussen kerk en staat was deur die geskiedenis dikwels ’n bron van spanning. Wanneer die staat beheer oor die kerk uitoefen, ontstaan die gevaar dat die kerk se geestelike roeping ondergeskik raak aan politieke belange.

In die Bybel sien ons dat die kerk geroep is om aan God gehoorsaam te wees bo mense (Handelinge 5:29). Die kerk se taak is om die evangelie van Jesus Christus suiwer te verkondig, dissipels te maak en as sout en lig in die wêreld te leef.

Wanneer die staat egter probeer om die inhoud van prediking, leerstellings of kerklike praktyke te bepaal, word hierdie roeping bedreig.

Die geskiedenis toon verskeie voorbeelde waar staatsbeheer tot verval gelei het. Waar die kerk afhanklik raak van politieke mag of finansiële steun, verloor dit maklik sy profetiese stem. In plaas daarvan om die staat te vermaan, begin dit om die staat te behaag.

Dit beteken egter nie dat die kerk en staat geen verhouding moet hê nie. Die staat is deur God ingestel om orde en geregtigheid te handhaaf (Romeine 13). Die kerk behoort dus die staat te respekteer en vir owerhede te bid. Tog moet daar ’n duidelike onderskeid bly: die staat regeer oor burgerlike sake, maar Christus is die enigste Hoof van die kerk.

’n Gesonde samelewing vereis dat die kerk vry moet wees om God se Woord te verkondig, selfs wanneer dit teen die staat se wil ingaan. Waar hierdie vryheid ontbreek, word nie net die kerk benadeel nie, maar ook die samelewing as geheel.

Tans word daar gepoog om wetgewing in ons land in te voer wat die gesag en selfstandigheid van kerke aan bande sal lê. Ons kerkverband het daarom met die owerheid hieroor gekorrespondeer en die brief word aan u almal versprei vir ernstige kennisname en voortdurende voorbidding.

Ds. Maarten

*(Lees bl 8 in ons nuusbrief na die dringende brief van die GKSA se Deputate Owerheid oor moontlike wetgewing wat die staat beheer oor kerke gee.)*

# ALGEMENE INLIGTING

**EREDIENSTYE**

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: **Vandag**: Les 9, Ps 33-1-1 **Volgende week**: Geen

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
*(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## Dienspersoneel

| Datum | Wyk | Oudl Afr Diens | Oudl vir Afkondigings | Diaken | Klank | Projektor | Video Uitsending |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 19-Apr | A01 | Charl van den Bergh | Leon Lourens | Louise van Niekerk | Charl vd Bergh | Hannie vd Bergh | Nicolai vd Merwe |
| 26-Apr | A02 | | Pieter vd Dussen | Lourette v/d Berg | Adrian VNiekerk | Eric Guldemond | Louise van Niekerk |

## KOLLEKTES

| Vandag: **Spesiale Kollekte** (tydens erediens ) | Vandag: **Kerkkas** (by die deure) |
|---|---|
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Mukhanyo** |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 19 Apr. | Marinus | du Plessis | B09 | 0836091275 |
| 20 Apr. | Magda | van der Schyff | A03 | 0795110196 |
| | Ruan | de Souza | A08 | 0604676460 |
| 21 Apr. | Juanita | de la Porte | A09 | 0834197833 |
| 22 Apr. | Suzette | Momberg | B05 | 0827509138 |
| | Cornea | v Nieuwenhuizen | C08 | 0764029885 |
| | Janette | Veldsman | C08 | 0722147345 |
| | Remique | van der Bijl | C13 | 0832912303 |
| | Liesje | Kuperus | B07 | 0834811160 |
| | AJ | van der Walt | B12 | 0833040904 |
| 23 Apr. | Elize | Hoogendyk | A08 | 0847644692 |
| 24 Apr. | Henrico | Silvis | A05 | 0828866400 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 20 Apr. | Christoff | Klopper | C05 | 0825777190 |
| | Anrich | Groenewald | A17 | 0828195947 |
| 21 Apr. | Lize | Venter | B14 | 0724377852 |
| | Emma | Rheeders | B05 | 0825151558 |
| 23 Apr. | Annabelle | Groenewald | A17 | 0828195947 |
| 24 Apr. | Hanné | Venter | A04 | 0714822995 |
| 25 Apr. | Sion | Pretorius | B02 | 0825216870 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Pieter Pretorius sterk tuis aan nadat hy 'n draai in die hospitaal gemaak het (B10 - 060 113 7521).
- Elmo Johl sterk aan in Groenkloof hospitaal (B16 – 0832991014).
- Helene Viljoen sterk aan in 1 Mil hospitaal (B15 - 0823784967).
- Anneke van Jaarsveld sterk aan na 'n val waarin sy haar skouer ontwrig het (A6 – 0846059660).
- Willem van Wyk sterk aan in Groenkloof hospitaal (C12 – 0824920604).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Geluk

- ♥ Johan en Winter du Plooy met die geboorte van Eliana.

## Alethea Outreach 11:00

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Rev Maarten van Helden

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkap-masjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 88 99.

**Kamer met badkamer gesoek** miv 1 Junie, vir Helen, skoonmaakster by die kerk. Verkieslik loopafstand van die kerk. Skakel gerus vir ouma Annah Sekhu 076 758 7843.

**Betroubare huishulp Ma, Di, Do en Vrydae**-Maria Mthimunye 079 808 6614 (Verwysing Martie Vilas 071 683 0348).

Soek jy 'n lekker kuier-plek???? **Oppi Stoep Gastehuis** bied aan:- Pensionaris ontbyt op Woensdae van 10:00 tot 13:00 (bespreek asb). Lokaal vir:- werkswinkels, verjaarsdagfunksies, huweliksherdenkings, re-unies. Skakel Johan Wiegand 082 498 6314.




## *Koningskinders-klerebank*

GK Centurion het 'n Koningskinders-klerebank. Enige gemeentelid met 'n behoefte is welkom om ons te nader.

Die uitreik is baie diskreet en gratis. Alle klere en skoene word deur die gemeentelede geskenk.

Daar is tans 'n behoefte aan die volgende kinderklere vir dogters en seuns 5 - 9 jr, vanaf 12 - 14 jr asook mansklere. Ons soek ook nuwe onder-klere vir seuns en 2-stuk onderklere vir dogters en nuwe kouse. (Ons gee nie gebruikte onderklere uit nie.)

Ons help sovêr moontlik alle ouderdomme van baba tot volwas-senes.

Skakel my gerus:

Helena du Plessis

079 460 7774



## J a g - v i r - j o u - K e r k

Die jagseisoen is eersdaags oop!!
Ondersteun Ollie en skenk 'n bok vir die Kerk. Ons betaal vir die verwerking (droëwors).
Skakel Tjaart vd Walt –
082 824 2933



*Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.*

*Johannes 5:24*

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**19-Apr**

Lize Dekker B3

Louise van Niekerk B4

**10 Mei**

Hester vd Merwe B5

Wilmarie Rheeders B8




Dis Susters van GK Centurion bied 'n unieke geleentheid aan : Moenie hierdie misloop nie! Hettie Brittz bring haar gewilde boektoer, "Kweek Kinders met Karakter", na ons toe.

Waar: Gereformeerde Kerk Centurion

Wanneer: 5 Mei om 18:30

Kaartjies: R100 (Bespreek op Quicket)

Kom ontdek hoe om jou kind se unieke "*temperament-kode*" te ontsyfer vir minder konflik en meer konneksie.

Bespreek hier:
https://www.quicket.co.za/events/365406-kweek-kinders-met-karakter-saam-hettie-brittz/

Stuur asb aan na julle skool- en familie-groepe!

***Fondse ingesamel gaan aan opgradering van moederskamer***

**Lené vd Walt 0605421769**

# *Gemeente Kuierkamp*

## 4-6 September 2026

## Wagondrift, Cullinan

Kom ontsnap vir 'n kort rukkie uit die daaglikse roetine en geniet 'n heerlike naweek saam as gemeente. **Die kamp is nie ver van die huis af nie** en bied die perfekte geleentheid om die pragtige natuur te beleef, te ontspan, saam as gemeente te kuier en nuwe vriendskappe te bou. Moenie hierdie besondere geleentheid misloop nie. Ons sien uit om die hele gesin te verwelkom!

**Daar is baie om te geniet:**

- Wildbesigtiging
- 'n Swembad om in af te koel
- Veilige, oop ruimtes waar kinders kan speel en fietsry

Indien jy belangstel om die Gemeente Kuierkamp by te woon voltooi die inskrywingsvorm en betaal 50% **deposito** teen **einde Mei** om jou plek te verseker. Kampgelde kan oor **3 maande** afbetaal word, die totale bedrag moet asb. teen **einde Augustus** betaal wees.

**Betaling van kampgelde:** Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion, ABSA Lyttelton, Takkode 632005, Rek nommer 600 280 589. Verwysing: **Kamp +jou naam en van**

**Vir meer inligting:** Rudy Kruger 082 468 6035 of e-pos: gkckamp@gmail.com
www.wagondrift.co.za





*Voltooi en gooi in die kollektesakkie of gee dit in by die kamptafel onder die Olyfboom of stuur 'n foto daarvan vir Rudy 082 468 6035 / gkckamp@gmail.com*

# Inskrywingsvorm

Ek/Ons stel belang om die kamp by te woon:

Naam: ______________________ Selfoon: ____________

Ek wil graag die volgende akkommodasie vir ______ (aantal mense) bespreek.

Ek is bereid om akkommodasie te deel: Ja / Nee

- ☐ 2-bed chalet @ R2 200 vir die naweek, etes ingesluit
- ☐ 4-bed chalet @ R4 400 vir die naweek, etes ingesluit
- ☐ 2-bed luukse tent @ R1 800 vir die naweek, etes ingesluit
- ☐ 8-bed chalet @ R6 700 vir die naweek, etes ingesluit
- ☐ Kampstaanplek @ R1 200 per tent, woonwa of boswa, vir die naweek, etes ingesluit

☐ Ek wil graag die kamp bywoon maar het finansiële hulp nodig asb:

Naam: ______________________ Selfoon: ____________

*Uit Hom, Deur Hom, Tot Hom en Aan Hom*

**OPSOMMING EN KENNISGEWING AAN KERKE**
**Rakende die CRL-proses oor godsdiensregulering**

Geagte broeders en susters,

Die Deputate Owerheid van die GKSA wil u hiermee inlig oor belangrike ontwikkelinge rakende die **CRL (Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe)** se huidige proses met betrekking tot godsdiens in Suid-Afrika.

**1. Agtergrond van die saak**
Die CRL het tans 'n sogenaamde "Artikel 22-proses" aan die gang, wat voorgehou word as 'n oop en vrywillige konsultasie met kerke en geloofsgemeenskappe oor selfregulering en aanspreeklikheid binne die godsdienssektor.

**2. Werklike rigting van die proses**
Onlangse openbare verklarings deur die voorsitter van die CRL dui egter duidelik daarop dat die bedoeling verder strek as bloot konsultasie. Daar word openlik gepraat van:

- die instelling van 'n **statutêre raad vir godsdiens**, en
- die aanvaarding van **wetgewing deur die Parlement** om sodanige raad te vestig.

Dit beteken dat die proses nie bloot vrywillige samewerking beoog nie, maar moontlik kan lei tot **staatbeheer oor die godsdienssektor**.

**3. Implikasies vir kerke**
Volgens die voorstelle wat tans bespreek word, kan die volgende ingestel word:

- Registrasie van kerke en geestelike leiers
- 'n Bindende gedragskode
- 'n "Sertifikaat van goeie status" vir nakomende instellings
- Sanksies vir nie-nakoming, insluitend deregistrasie

Hierdie elemente dui op 'n **verpligte reguleringsraamwerk**, en nie blote selfregulering nie.

**4. Kernbeswaar**
Die kern van die beswaar is nie teen aanspreeklikheid of etiese optrede nie. Inteendeel:

- Die kerk erken die noodsaak om misbruik en onreg aan te spreek.
- Daar bestaan reeds voldoende wetgewing in Suid-Afrika om onwettige optrede te hanteer.

Die beswaar is dat die voorgestelde raamwerk:

- die staat 'n rol gee om oor **godsdiens-etiek en praktyk** te besluit, en
- effektief die **grondwetlike reg op godsdiensvryheid** kan aantas.

**5. Huidige stand van sake**
Daar is tans ook regsgedinge aanhangig wat die wettigheid van hierdie proses bevraagteken. Die uitkoms daarvan kan 'n wesenlike invloed hê op enige verdere ontwikkelinge.

**6. Ons betrokkenheid as Deputate**
Die Deputate Owerheid van die GKSA is ernstig besig met hierdie saak en volg die ontwikkelinge noukeurig. Ons is ook besig om die situasie deeglik te bestudeer en sal, waar nodig, leiding gee.

**7. Toekomstige kommunikasie en betrokkenheid**
Ons beplan om binne die volgende paar maande 'n **webinaar** aan te bied waarin:

- meer volledige toeligting gegee sal word, en
- oor die belangrikheid van ons kerke se betrokkenheid oor hierdie saak.

Verdere besonderhede sal betyds gekommunikeer word.

**Slot**
Ons versoek dat kerkrade en lidmate hiervan kennis neem en die saak in gebed aan die Here opdra. Dit raak die vryheid van die kerk om die Here volgens sy Woord te dien.

Broederlike groete
**Deputate Owerheid – GKSA**

**NS. Erkenning aan FORSA vir die inligting oor bg. saak.** visit forsa.org.za



**Ds. Jaco Lemmer**

**Voorsitter**



**Ds. Vickus van Jaarsveld**

**Skriba**

## Spesiale kollekte (Bek-en-klou)

Op 15 Maart 2026 het die Diakonie die gemeente vir 'n spesiale kollekte genader.

Ons kan met groot dankbaarheid teenoor die Here bekend maak dat die kollekte ons gemeente in staat gestel het om R50,000 vir die saak te skenk.

Baie dankie aan almal se ruim kollektes.

## Sola Chorda – Kitaarbybelstudiegroep

Indien jy kitaarspeel en belangstel om aan te sluit by Sola Chorda (GKC se Kitaarbybelstudiegroep) kan jy gerus by die WhatsApp-groep aansluit vir meer inligting.

**Kyk uit vir die QR kode op die bord.**

Ons gaan liedere aanleer, ontleed en bespreek - 'n ander wyse van Bybelstudie, waar ons liedere aan die Skrif toets, terwyl ons as groep saam musiekmaak en so ons gawes ontwikkel.

Almal is welkom - jonk en oud. Gesout of geroes.

## Volwasse Toerusting vir nuwe lidmate

Enige persoon wat by die gemeente wil aansluit en of lidmate wat belangstel vir 'n bietjie opfrissing van jou kennis, kan die toerusting bywoon.

Die volwasse toerusting begin

**21 April om 18:30** in die konsistorie

Bevestig asb met:

ds Maarten 072 143 1855/

Kerkkantoor 012 664 2614

## Stoep-Storie Aand

8 MEI 2026

om 19:00

in die Kerksaal

Die Stoep-Storie Aande het in 2025 ontstaan a.g.v. verskeie instansies wat fondse wou genereer. Oppi Stoep Gastehuis was deel van die span wat die Stoep-Storie Aande aangebied het.

In 2026 het vorige instansies asook nuwe instansies, wat van die inisiatief gehoor het, om hulp kom aanklop.

8 Mei werk ons saam om ook fondse vir die diakonie in te samel.

Boerpotjiekos, rys, pakslaai, nage-reg, musiek, storievertellery en kuier tot jy moeg is word aangebied.

Bring jou eie eetgerei en drinkgoed saam.



## BYBELSKOOL 2026

Geen Bybelskool in tweede kwartaal nie weens verskeie publieke vakansiedae en gemeente kalender beplanning.

**Volgende Bybelskool:**
4 Aug – 8 Sept 2026
**Tema:** Gebed
Meer besonderhede volg binnekort
Kontak persoon:
Christi Venter: 082 940 1555



## GK Centurion Inligtingsessie

**Woensdag 6 Mei**

**om 18:30**

Die Kerkraad het op sy vergadering van 9 April die saak van die Sinodebesluit 2026 wat oor die eenheid van die kerk handel, bespreek en behoorlik deurgetrap.

Daar is besluit om op Woensdag 6 Mei 'n inligtingsessie vir alle lidmate te reël.

Almal welkom om dit by te woon.

## Musiekvoorspel inligting

Psalm 116 - Oggenddiens

Psalm 116 is 'n persoonlike loflied van danksegging, waarskynlik geskryf deur Dawid of 'n latere psalmis nadat hy uit 'n naby-dood-krisis gered is. Dit beklemtoon God se getrouheid in die beantwoording van gebede, die uitdrukking van diepe dankbaarheid en 'n verbintenis om Hom in die gemeenskap te aanbid. Die psalm word histories in die Joodse Hallel (Pasga) gebruik en pas by die liturgiese konteks van die terugbesorging van dank vir verlossing.

Psalm 16 - Aanddiens

Psalm 16 is 'n "*Michtam*" van Dawid, waarskynlik geskryf gedurende 'n tyd van persoonlike gevaar of ballingskap (moontlik terwyl hy vir Saul gevlug het), waar hy diep vertroue, vreugde en sekuriteit in God as sy hoogste skat uitdruk. Dit is 'n psalm van vertroue, wat aardse bedreigings kontrasteer met die sekuriteit van behoort aan God, dikwels getiteld die "*Goue Psalm*". Die Psalm kan ook dien as 'n belydenis.

# Liturgiese Riglyne

## S O N D A G O G G E N D 09:00

## Skuldige gewete?

**Skriflesing**:
Lukas 22 (1983)

**Teksvers**:
Lukas 22:61,62

**Sing**:
Ps 138:1,4
Ps 25:2,3
Ps 65:3
Sb15-7:4,5
Lied 191:1,2,3
Sb 13-3

Prediker: Ds Maarten van Helden

Dit is Paasfees in Jerusalem en Pilatus was sy hande in sogenaamde onskuld. Hy moet sy gewete tot rus kry. So sien ons menslike mislukte planne om met ons gewetens te werk. En onthou vir Kain... en vele ander.

Na laas Sondag se prediking oor *'God wat groter is as ons gewete'*, kan ons vandag nog 'n oomblik stilstaan by die saak van ons gewetes.

Ons onderskei dan die *toegeskroeide* en *skuldige* gewete teenoor 'n *gelowige* se gewete, as 'n gawe van God!

## S O N D A G A A N D 18:00

## Deur geloof word jy gered

**Skriflesing**:
Lukas 17:11-19
(2020)

**Teksvers**:
Lukas 17:18-19

**HK**: Sondag 7

**Sing**:
Ps 113:1,2,3
Ps 116:2,6,8,10
Ps 150:1,2,3
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Tien melaatse manne wag vir die Here by sy aankoms in ‘n dorpie oppad na Jerusalem. Hulle bly op ‘n afstand staan, want daar is streng reëls vir melaatse mense, hulle mag nie te naby kom, dat die siekte aansteek nie. Hulle roep op ‘n afstand nie om gesond gemaak te word nie, maar dat die Here aan hulle genade bewys.

Op sy woord gaan hulle na die priester wat hulle rein moet verklaar, en word gesond. Maar slegs een man draai om en bring dank aan God.

Nege manne word rein deur die barmhartigheid van Christus, maar slegs een word rein deur geloof.